26 JULIE 2020

Gr R tot Gr 3

Niks kan jou skei van **God** se **liefde**.

Romeine 8:26-39

voorbereiding

Neem saam:

- Prente van troeteldiere
- Afskrifte van hartjie prentjie
- Inkleurkryte

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

bid **tyd**

gesels **tyd**

Was jy al ooit bang en alleen? *Gee kinders geleentheid om te vertel.*
Wat het jou bang gemaak? Wat sou jou bly maak of veilig laat voel in so 'n situasie?

Ons soek altyd vir mamma of pappa wanneer ons bang en alleen is, want ons het iemand nodig wat groter en sterker as ons is in sulke situasies. Wanneer ons nie weet wat om te doen nie, dan roep ons vir hulp en ons weet iemand groter en sterker kan ons help.

Kom ons speel eers 'n speletjie:
Kat en muis. Maak 'n kring en hou hande. Maak een kind kat en een die muis. Kat moet vir muis probeer vang. Die kring moet vir kat keer en vir muis laat in en uit beweeg soos wat dit nodig is om vir kat te keer. Wanneer kat vir muis gevang het, gee aan ander die geleentheid om kat en muis te wees.

In die speletjie beskerm die kring maats die muis. Muis hardloop steeds en probeer van kat af wegkom, maar hy voel tog veilig as die kring die kat uitkeer.

Kom ons kyk na verskillende situasies en kyk na wat hou ons veilig in elke situasie:
By die huis: watter dinge is by die huis wat ons veilig hou? *Alarms, deure, veiligheidshekke...*
By die swembad: *Trappies m uit te klim, vlerkies en pool noodles, swemlesse...*
In die kar: *Deure om nie uit te val nie, veiligheidsgordels...*

gesels **tyd** (vervolg)

In verskillende situasies kry ons verskillende dinge of mense om ons veilig te hou.
Watter soortge mense in die gemeenskap lewe 'n diens om ons te beveilig?
Polisie, veiligheids maatskappye, brandweerdienste, ambulanse, dokters...

Verskillende situasies verlang die hulp van verskillende persone of dinge om ons veilig te hou, maar dan moet ons hulle ook toelaat om ons te help en nie aspris in die moeilikheid kom nie.

sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Lied: Niks kan ons skei
Niks kan ons skei, van Sy liefde nie
Niks kan ons skei, van Sy liefde nie
Niks kan ons skei, van Sy liefde nie
Halleluja

Liedboek: Lied 553
Ek is bly ek ken vir Jesus
Ek is bly ek is Sy kind
En ek bly my hele lewe
Aan die Here vasgebind
Ek is bly ek het 'n Bybel
Dat ek elke dag kan lees
Kinders van die Here, het niks om voor bang te wees
Kinders van die Here, het niks om voor bang te wees.

BYBEL tyd

Wanneer ons vir Jesus in ons lewe aangeneem het, is dit nie soos ‘n towerstaffie wat maak dat ek nou alles kan kry wat ek begeer nie. Nee, alles gaan nie nou sommer net maklik en reg loop nie. Die probleem is dat baie mense in die wêreld, ken nog nie vir Jesus nie. Hulle lewe daarom nie soos Hy van ons vra nie. Mense maak mekaar seer deur woorde of dade. Hulle maak soms keuses wat jou ook beïnvloed en wat jou hart ook kan seer maak. Byvoorbeeld as mamma en pappa skei, is dit nie oor iets wat jy gedoen het nie, maar hulle keuse om nie meer by mekaar te wees nie, maak dat jy ook net by een van hulle kan bly en die ander een min sien, en dit kan jou hartjie seer maak. Wanneer ‘n dief inbreek en goed uit die huis steel, is dit sy keuse om te vat wat nie aan hom behoort nie, maar dit raak vir jou en my ook want sy keuse beïnvloed jou en wat met jou gebeur.

Ons het nounou vir mekaar vertel dat daar mense en dinge is wat ons beskerm in verskillende situasies, maar as ons nie in die reels lewe nie, kan ons steeds seer kry.

Kinders van die Here is nie gevrywaar van seer nie. Dit beteken net dat omdat ek ‘n kind van God is, beteken dit nie dat slegte dinge nie met my of met mense wat ek liefhet kan gebeur nie. Maar die verskil is net, dat ons weet dat maak nie saak wat gebeur nie, niks, absoluut niks kan my van God se liefde vir my skei nie.

Weet jy dat mamma en pappa vir jou lief is? Hoe weet jy dit? *Gee geleentheid vir antwoorde.*
Wanneer mamma en pappa nie by jou is nie, beteken dit nie dat hulle nie lief is vir jou nie. Jy weet dat jy weet dat hulle vir jou lief is.

Net so is dit ook met God. Ons kan Hom dalk nie sien nie, maar Hy het ons BAIE lief. Hy is so lief vir ons dat Hy toegelaat het dat Jesus as die volmaakte offer vir ons kom sterf het, sodat ons gered kan word. En al spot mense ons, of al gebeur slegte dinge met ons, niks kan ons van God se liefde skei nie. En hoe weet ons dit? Die Bybel sê dit vir ons, en ons moet dit net glo. Kom ons lees daarvan in die Bybel.
Lees vir die kinders voor uit Rom.8:28 en Rom 8:31-39.

Die belofte dat niks ons van God se liefde kan skei nie, sal jou hart rustig maak in tye wanneer jy dalk nie lekker voel nie, of wat dinge om jou gebeur wat dalk nie aangenaam is nie. Weet dat Jesus se liefde in jou en om jou is. Altyd. Elke dag. In alle omstandighede.

doen & leer tyd

Veilig in God se liefde.

Teken ‘n prentjie van jouself in die hartjie op die volgende bladsy. Weet dat net soos die hartjie om jou is, God se liefde altyd om jou is.

Wanneer jy in situasies kom wat jou bang maak, onthou altyd dat God jou lief het. Dat Hy by jou is en jou sal deurdra. Dat niks op aarde ons van God se liefde kan skei nie.

Moedig die kinders aan om vir iemand te gaan vertel wat hulle vandag geleer het.

groet tyd

Dankie Jesus dat U vir my in die Bybel belowe, dat niks my van U liefde kan skei nie.
Amen



Teken ‘n prent van jouself in die hartjie.

Net soos jy omring word deur die hartjie, so is Jesus se liefde om jou. Niks kan jou van God se liefde skei nie.



Rom.8:28
Ons weet dat God alles ten goed laat meewerk vir die wat Hom liefhet, die wat volgens sy besluit geroep is.

Rom 8:39
...niks kan ons van die liefde van God skei nie!